BIRDLIFE WESVAAL

# HOEPHOEP

SEPTEMBER 2024

**Jaargang 39 (2)**

**Nr. 142**



**BLWV word 40**

**Ongewone besoeker**

**Leer ken jou voëls**

## UIT DIE VOORSITTER SE NES

WOW .... wat 'n opwindende jaar is 2024 sover!

Ons as mense is dikwels vasgevang in daaglikse herhalende aktiwiteite wat vroeg in die jaar begin en weer net na Kersfees eindig. Ons kan so maklik deel word van ‘n bepaalde patroon van oorlewing elke dag, elke week en elke maand.

Gelukkig is daar verskeie maniere om hierdie stereotipe lewenswyse avontuurlustig te maak! Wanneer ons hierdie waarde besef kikker ons die lewe op met opwindende vakansies, gesamentlike uitstappies en lekker kuiergeleenthede soos verjaarsdae! BirdLife Wesvaal het so ‘n hoogtepunt in 2024 gevier met die herdenking van die 40ste verjaarsdag in Maart waar ou en nuwe voëlvriende sommer familie geword het.

BirdLife Wesvaal verwelkom graag nuwe lede en besoekers en sien daarna uit om saam verhoudings te bou, te fokus op projekte, nuwe voëlkyk-areas in die omgewing te ontdek en ons liefde vir die natuur en voëls uit te leef.

Voëlliefhebbers in Potchefstroom kan uitsien na nog opwindende bedrywige vir die res van 2024.

Kom wees deel daarvan !

*Pieter Labuschagne*

# ONS GESELS MET ......

## PIETER LABUSCHAGNE

**Op 7 April 2024 vier BirdLife Wesvaal hul 40ste verjaarsdag by die Elgro Hotel in Potchefstroom. Dit word opgevolg met ‘n uiterse suksesvolle feesvieringsnaweek, 21-24 April by die Elgro River Lodge. Ons gesels met BirdLife Wesvaal se voorsitter Pieter Labuschagne oor die pad vorentoe.**

### Pieter waarheen nou, wat beplan julle na so suksesvolle feesviering?

Ek moet eerstens sê die verjaarsdag en feesviering het my, asook die feesvieringskomitee se stoutse verwagtinge oortref. Dit is iets wat in BLWV se anale opgeteken sal wees as iets baie spesiaals. Ek wil dan ook die geleentheid gebruik om my dank uit te spreek teenoor elkeen wat betrokke was daarby. Wat die pad vorentoe aanbetref het ons besef dat ons met die naweek 'n hoë standaard gestel het waarby ons moet hou. Dit is 'n lekker uitdaging waarna ons uitsien. Die bestuur van BLWV het 'n "bosberaad" die 6de Julie gehou om juis daaroor te gesels.

## Wat was die hoofpunte wat julle bespreek het?

- Ons het vroeër die jaar 'n vraelys uitgestuur en vir ons lede gevra wat hul verwagtinge en behoeftes van die klub is. Die klub gaan tog hoofsaaklik oor ons lede en die bestuur sal moet aandag gee aan juis dit wat hulle aan ons uitgewys het. Ons het hierdie behoeftes geprioritiseer en sal dit aanspreek óf deur sprekers, kursusse of projekte wat ons deurlopend wil aanbied.
- Ons het 'n taakspan aangewys om na ons grondwet te kyk en dit aan te pas volgens die algemene riglyne van BirdLife Suid-Afrika en ook ander voëlklubs.
- Ons finansiële posisie lyk goed maar ons sal daarby moet hou.
- Ons is baie opgewonde oor die hersiening van die bestuursportefeuljes en subkomitees wat daaruit sal voortvloei om die klub relevant te hou.
- Samewerking met ander klubs, ereveldwagters en lokale hulpbronne gaan ook aandag geniet.

**Pieter sterkte met jou en die bestuur se werksaamhede ons sien uit na wat vir ons wag.**



Bestuurslede tydens Bosberaad: Lawren Oelofse, Lieske Burger, Johan Yssel, Tommie Drinkwater, Alet Steyn en Pieter Labuschagne.

# BIRDLIFE WESVAAL WORD 40



In 2022 het Pieter Labuschagne begin droom oor 'n idee om BLWV se 40ste verjaarsdag te vier.  'n Feeskomitee gelei deur Lawren Oelofse is aangestel en idees het begin inrol.  Die drie grootste idees wat vlamvat is 'n verjaarsdagpartytjie vir alle lede, 'n feesviering wat ook ander klubs en gaste sou insluit en laastens 'n gedenkblad.



**Feeskomitee hard aan die werk: Lawren Oelofse, Pieter Labuschagne, Kobus Fourie, Petro Lombard, Roy Byers en Alet Steyn**

Die verjaarsdag partytjie is op 7 Maart 2024 by die Elgro Hotel gehou wat deur 70 lede bygewoon is.



BLWV lede en gaste by partytjie

Pieter vertel hoe 'n idee vir die feesvieringe ontstaan het, nog 'n idee is aangelas, en daarna nog een en nog een. Dit het gestroomroller en net groter en groter geword tot dit sy stouste verwagting oortref het. 'n Onvergeetlike naweek gedurende 21 – 24 Maart 2024 is by Elgro River Lodge gehou vir die feesvieringe van BLWV se 40ste verjaarsdag. Hierdie geleentheid wat gekenmerk is deur interessante aanbiedings, voëlkykuitstappies en kos uit die boonste rakke is deur 85 gaste van verskeie voëlklubs bygewoon.




Lede van die feeskomitee het alle besoekers met hulle aankoms verwelkom en deurentyd gesorg dat die reëlings regdeur die naweek glad verloop het. Die bydraes van verskillende borge, ondersteuners van BLWV en uitstallers het ook tot die sukses van die naweek bygedra.

Kobus Fourie van die Elgro Group moet uitgesonder word vir sy entoesiasme en kalm manier waarop hy elke situasie hanteer het. As die feeskomitee iets vra soos 'n klimraam om die ouer persone op die voertuie op te help het hy gesê dit is reg en dan een gebou. Die wyse waarop hy die hele naweek die mense in die oggende vinnig ingelig het hoe die dag sal verloop, waar die voertuie gaan ry en hoe laat wie waar moet wees het almal dadelik op hul gemak gestel. Kobus BLWV sou nie so groot sukses van dit kon maak sonder jou hulp nie. Groot waardering vir jou.




Lede wat nie meer in Potchefstroom woon nie en 'n groot rol in BLWV gespeel het, soos vorige voorsitters, Ina Stiglingh (die eerste voorsitter) en Tillie Burger het ook die feesnaweek bygewoon terwyl Sam de Beer, wat tans in Kanada woon, 'n video op Whatsapp gestuur het wat vir die feesgangers gespeel is. BLWV het 11 voorsitters gehad waarvan 5 die feesvieringe bygewoon het.



Ina Stiglingh en Tillie Burger met haar dogter Lieske

Daar is ook 'n gedenkbladkomitee aangestel en die gedenkblad wat 'n oorsig oor BLWV se aktiwiteit oor die afgelope 40 jaar gee, is tydens die feesvieringe onthul.





Gedenkbladkomitee: Pieter Labuschagne, Lounell White, Alet Steyn, Petro Lombard, Roy Byers en Lawren Oelofse

Die gedenkblad is aan die volgende persone geskenk tydens die feesvieringe:

- Ina Stiglingh — Stigter van BLWV
- Mark Anderson — Hoof Uitvoerende Beampte van BirdLife Suid Afrika
- Rudy Erasmus — Beskermheer BLWV

## AANBIEDINGE

Die feesnaweek is gekenmerk deur leersame inligting wat deur kundige voëlkenners aangebied is. ‘n Verskeidenheid onderwerpe is bespreek:

| Onderwerp | Aanbieder |
|---|---|
| • Uile van Suidelike Afrika | Rudy Erasmus |
| • Saving Marion Island’s Seabirds | Mark Anderson |
| • Birdlasser and SABAP2 | Ernst Retief |
| • Windturbines: ‘n Impakstudie op die voëls van Wakkerstroom | Johan Janse van Rensburg |
| • Avitourism in South Africa, with a focus on BirdLife South Africa’s Avitourism Project | Andrew de Blocq |
| • Herons, Hats and HeronryMap | Dough Harebottle |
| • Waders and Waterbirds | Geoff Lockwood |
| • Birds in a changing world – the realities and challenges for global avifauna | Mark Freeman |
| • The elusive LBJ’s | Geoff Lockwood |



Aanbieders: **Agter**: Mark Anderson, Johan Janse van Rensburg, Doug Harebottle, Mark Freeman, Geoff Lockwood. **Voor**: Andrew de Blocq, Rudy Erasmus, Ernst Retief

## KOMPETISIES

Die kompetisies wat deel uitgemaak het van die verrigtinge het vir verdere opwinding van die naweek gesorg. ‘n Fotokompetisie met die volgende kategorieë is geloods.

| **Kategorie** | **Wenfoto** |
|---|---|
| Roofvoël | Kaalwangvalk (African Harrier-Hawk) met vlermuis |
| Portretfoto | Reusevisvanger met krap |
| Voël in vlug | Reusevisvanger (Giant Kingfisher) |
| Jongeling | Rooioogtiptol (African Red-eyed Bulbul) |






Gaste het ook aan ‘n birdlasseruitdaging tydens die naweek deelgeneem om BLWV se 40ste verjaarsdag te vier. Ernst Retief het hierdie waardevolle inligting van 26 deelnemers wat ‘n totaal van 3 222 spesies ingesleutel het, aan SABAP2 deurgestuur. Die wenner van hierdie kompetisie was Ian Luyt van BLWV wat 164 spesies ingesleutel het.


**GALA-AAND**

Die tafels is versier vir ‘n fees en gaste het heerlik gesmul aan ‘n driegangmaal. Die aand is verder gekenmerk deur ‘n gesellige atmosfeer en baie fotos wat geneem is.

Die gala-aand is op Saterdag 23 Maart 2024 aangebied. Thomas Ayres (Roy Byers) ‘n bekende ortinoloog wat in Potchefstroom gebly het, het die gaste kom verras met sy lewensverhaal.



Gaste kuier heerlik saam by die gala aand




Roy Byers as Thomas Ayres

Tydens hierdie spoggeleentheid het Mark Anderson en Rudy Erasmus Hoephoep sertifikate aan vyf klublede vir uitstaande en voortreflike diens aan BLWV oorhandig. Die volgende sertifikate is oorhandig:

| | |
|---|---|
| • Stigter van BLWV | Ina Stiglingh |
| • Onbaatsugtige toewyding aan BLWV | Kobus Fourie |
| • Redakteur van BLWV se Hoephoep | Petro Lombard |
| • Betrokkenheid as bestuurslid en deelname aan verskeie subkomitees van BLWV | Tillie Burger |
| • Beskermheer van BLWV | Rudy Erasmus |






Ina Stiglingh is BLWV se stigterslid en eerste voorsitter. Haar teenwoordigheid was die kersie op die koek.

Dankie Ina!

## UITSTAPPIES

Gaste is van vroegoggend tot laataand getrakteer op voëluitstappies. Die oggenduitstappies wat reeds sesuur soggens begin het, het beide langs die rivier en die bergagtige dele van die reservaat ingesluit.




Vyf safari-voertuie het gaste ook op verskillende dele van die reservaat en omliggende paaie geneem wat verskeie habitatte ingesluit het. Hierdie ritte het gaste kans gegee om voëls op die roetes te identifiseer en het ook goeie foto-geleenthede gebied. Die nagrit is aangebied sodat gaste uile en naguiltjies kon identifiseer. Beide die Afrikaanse Naguil (Fiery-necked Nightjar) en Rooiwangnaguil (Rufous-cheeked Nightjar) is daardie aand gesien en alhoewel Kobus verskeie kere sy bes probeer het om een van die uiltjies te vang, kon hy dit nie regkry nie.

Die fiksstes het ook met kano's op die Vaalrivier geroei om watervoëls van naderby op die water en oewers te beskou.



Al hierdie uitstappies was baie leersaam en is so gereël dat ervare voëlkykers wat voëls maklik kon identifiseer die groepe begelei.

## UITSTALLERS




Die ereveldwagters van die Bankenveld-streek het 'n tent beman met baie interessante inligting wat die gaste deurentyd kon besoek. Hulle was altyd gereed om vrae te beantwoord en daar was ook klein vetplantjies wat te koop aangebied is.

BirdLife South Africa het verskeie boeke, hoede, kaartjies en ander interessante items uitgestal wat die gaste tydens die feesvieringe kon koop. Hul betrokkenheid by die feesvieringe word hoog waardeer.

## HUISVESTING EN ETES



Kobus (eienaar van Elgro River Lodge) en sy personeel het gesorg dat die gaste 'n baie aangename naweek beleef het. Die personeel was baie behulpsaam en het enige vrae of probleme gou opgelos. Die huisvestig was vroeg al volbespreek en gaste is in die lodge, berghuis en stalle gehuisves. By hulle aankoms in hulle kamers het gaste 'n "goody bag" ontvang met items soos 'n waterbottel, voëllys en die feesprogram.



Gaste is getrakteer op heerlike etes. Elke oggend is afgeskop met 'n vol ontbyt wat op die dek van die lodge geniet is. Dit het beteken dat gaste so tussendeur hulle etes ook voëls kon kyk en telkens het jy gesien hoe spring van hulle op om gou 'n voël te identifiseer of 'n foto te neem. Middagetes is ook op die dek en eetsaal geniet en gaste het hierdie geleenthede gebruik om mekaar beter te leer ken.

Die aandetes was spesiale geleenthede. Aandetes is in die markiestent aangebied sodat al die gaste in een vertrek bymekaar kon kom. Gedurende die eerste aand is 'n vingerete voorgesit met verwelkomingstoesprake en die onthulling van die feesblad. Tydens die Vrydagaand is gaste bederf met 'n spitbraai en daar is tot laat saamgekuier. Die gala-aand het 'n heerlike voorgereg, hoofgereg en nagereg ingesluit wat gaste tussen die toesprake en toekennings geniet het.

## DANKBETUIGINGS STROOM IN

Na afloop van die feesnaweek het bedankings van alle oorde ingestroom. Bedankings is nie net van BLWV lede ontvang nie maar ook van lede van ander voëlverenigings. Dankbetuigings is ook van Ina Stigling, Tillie Burger, Geoff Lockwood en Mark Anderson ontvang.

Die feeskomitee is bedank vir die uitstekende reëlings en hoë standaarde wat gedurende die feesnaweek gehandhaaf is. Almal was dit eens dat lede van BLWV baie vriendelik is en gaste van ander voëlklubs op hulle gemak gehou het wat vir 'n goeie kameradie gesorg het.

Klem is gelê op die hoë standaarde van die gedenkblad asook al nege aanbiedings. Spesiale melding is gemaak van die lekker kos wat voorgesit is en goeie akkommodasie wat die gaste kon geniet. Daar is ook spesiaal melding gemaak van die goed georganiseerde uitstappies en baie gaste was verbaas oor die groot verskeidenheid voëls wat in hierdie gebied voorkom.



Gaste vir oulaas bymekaar aan die einde van die heerlike naweek

## Dankie feeskomitee. Dit was ‘n onvergeetlike naweek!



# KLUBAANDE




## BROEIPARASIETE

Professor Rialet Pieters het op 2 Mei 2024 'n interessante praatjie oor broeiparasiete by BirdLife Wesvaal se aandbyeenkoms gehou wat deur 39 klublede bygewoon is.

'n Broeiparasiet is 'n voël wat van ander voëlspesies (die gasheer) gebruik om die eiers uit te broei en die kleintjies groot te maak. Deur van hierdie tegniek gebruik te maak kan broeiparasiete baie meer eiers lê.

Daar is vyf verskillende voëlgroepe in Suidelike Afrika wat broeiparasiete is. Dit sluit sommige koekoeke (cuckoos), heuningwysers (honeyguides), blouvinkies (indigo birds), rooibekkies en paradysvinke (whydahs) en die Koekoekvink (Cuckoo Finch) in. Sommige broeiparasiete is gasheerspesifiek (slegs een enkele gasheervoël spesie word gebruik), die blouvinkies (indigobirds) gebruik slegs vuurvinkies (firefinches) as gasheer. 'n Voorbeeld hiervan is die Koningrooibekkie (Pin-tailed Whydah) wat slegs die Rooibeksysie (Common Waxbill) en die Witpootblouvinkie (Purple Indigobird) wat slegs die Jamesonvuurvinkie (Jameson's Firefinch) as gasheer gebruik. Die Diederikkie (Diederik Cuckoo) en heuningwysers (honeyguides) maak egter van verskillende spesies as gashere gebruik. Die Diederikkie maak byvoorbeel van wewers (weavers), flappe (bishops), en mossies (sparrows) as gashere gebruik.

Broeiparasiete maak van verskillende strategieë gebruik om te verseker dat die gasheer die kleintjies sal grootmaak. Dit sluit die volgende in:

- Die kleur en patrone op die broeiparasiete se eiers stem ooreen met die gasheer se eiers. In sommige gevalle kan die gashere egter die vreemde eiers eien en skop hulle dan uit die nes uit.

- Die kleur en patrone aan die binnekant van die kleintjies van die broeiparasietbekke stem ooreen met dié van die gasheer. Die gasheer ouer sal dus al die kleintjies voer.
- Die broeiparasiete se kleintjies boots die bedelgedrag van die gasheerkleintjies na.

Hierdie inligting het baie vrae ontlok en ‘n lewendige bespreking het na die praatjie gevolg.

## SJOP EN SJERRIE

Die Sjop en Sjerrie aand is altyd ‘n opwindende byeenkoms want lede kan hulle voëlvernuf in ‘n kompetisie toets. Op 6 Junie 2024 het 52 lede van BLWV die koue trotseer en saamgekuier by Elgro Hotel. Lede het by hulle aankoms ‘n glasie sjerrie geniet om die koue te verdryf.



Rita Marais

Roy Byers het ‘n Hoephoep sertifikaat aan Rita Marais oorhandig vir haar jarelange bydrae en betrokkenheid tot voëlnavorsing in Suid Afrika. Rita het ongeveer 39,000 voëls gering volgens die vooropgestelde standaarde en alle nodige administrasie in die verband voltooi.

Thomas Ayres (Roy Byers) het weereens sy verskyning gemaak om sy lewensverhaal te vertel aangesien alle lede nie by die 40-jarige feesvieringe was nie en dus nie voorheen sy interessante storie gehoor het nie.

Lawren Oelofse asook Roy en Katy Byers het die BLWV se jaarlikse vasvrakompetisie saamgestel en hanteer. Die lede is in vyf groepe verdeel en moes 30 vrae in groepsverband beantwoord. Die lede moes 22 voëlspesies identifiseer en die ander agt vrae het oor belangrike bydrae wat ornitoloë, afkomstig van die Potchefstroom omgewing, gelewer het gehandel. Elke vraag moes binne ‘n spesifieke tydlimiet beantwoord word en groepe het onder mekaar beraadslaag om soveel as moontlik van die vrae te beantwoord. Lede het die kompetisie baie geniet en die wenspan is elk met ‘n sjokolade as prys bederf.



BLWV lede help asseblief met
‘n mooi Afrikaanse naam vir
“lifers”



Wenners van die vasvrakompetisie met hulle sjokolade as prys

Die aand is afgesluit met heerlike sop en broodjies terwyl die lede nog lekker saamgekuier het.

# DAGUITSTAPPIES

## KOEPEL-UITSTAPPIE

Saterdag 11 Mei 2024 was BLWV lede weer vroeg aan die woel toe 24 lede mekaar 7:00 by die Schoemansdrift-brug ontmoet het. Die motors het 'n ent van die brug stilgehou sodat lede versigtig na die brug kon stap om nie die watervoëls te verjaag nie. Bob Haagner het interessante inligting oor die habitat en geologie van die koepel-area meegedeel. Omdat hy die gebied baie besoek kon hy ook interessante inligting oor die watervoëls wat in daardie gebied voorkom, deel. Na die praatjie het lede vanaf die brug en oewer voëls geïdentifiseer en fotos geneem.



Lede luister na interessante praatjie van Bob

Later die oggend het lede besluit om op die omliggende paaie rond te ry omdat die koepel uit verskillende habitatte soos rotskoppies, oewerbos en oop vlaktes bestaan om die getal spesies wat die dag waargeneem is te vergroot. Daar is ‘n totaal van 102 spesies op hierdie uitstappe waargeneem en ‘n paar lede kon ook “lifers” by hulle persoonlike voëllyste voeg.



‘n Piekniek vir middagete is langs die pad onder die koeltebome in Venterskroon gehou voordat al die lede huiswaarts gekeer het.

**DITSONG MUSEUM**

Die winterkoue skrik lede van BLWV nie af nie en dit was duidelik toe 30 lede die daguitstappie na die Ditsong Museum in Pretoria op 22 Junie 2024 bygewoon het. Dit is verblydend dat sewe kinders ook hierdie uitstappie meegemaak het. Cliff Wright, voorsitter van die Vaal Bird Club het ook saamgekuier. Terwyl lede vir die museum personeel gewag het, het hulle in die Austen Roberts voëlsaal na die uitstalling van die verskillende voëlspesies gekyk waar die groepfoto ook geneem is.



Lede in die Austen Roberts Voëlsaal

Deurdat die spasie in die gespesialiseerde gedeeltes van die museum klein is, is lede in twee groepe verdeel. Die een groep het eers die inligting oor voëls in die voëlkundige afdeling bygewoon onder leiding van Mpho Malematja (ortinoloog) terwyl die ander groep na Lazarous Kgasi (paleontoloog) geluister het. Halftyd het die twee groepe omgeruil.

Die ornitologie afdeling word in 'n stoorkamer aangehou waar beide droë- en natmonsters gestoor word. Droë monsters bestaan uit voëlskelette en die velle van voëls wat opgestop is. Natmonsters is voëls wat in etanol gestoor word. Met die lede se aankoms in die stoorkamer het Mpho eers 'n kompetisie gehou waar lede voëlspesies moes identifiseer. Verlede jaar het die kompetisie oor suikerbekkies gehandel en na haar mening was dit te maklik om uit te ken. Sy het dus in 2024 besluit om lewerikke vir die kompetisie te gebruik. Nodeloos om te sê dat sy nie rekening gehou het met die kennis van BLWV lede nie en die lewerikke wat uitgeken is was die Rooikoplewerik (Red-capped Lark), Donkerlewerik (Dusky Lark) en Karoolangbeklewerik (Karoo Long-billed Lark). Lede wat die spesies korrek geïdentifiseer het, het elk 'n boek, Austen Roberts: A lifelong devotion to South Africa's birds and beasts, as prys ontvang.



Lede kon daarna na die verskillende laaie wat bo-op die kaste uitgestal was kyk, die voëlmonsters met versigtigheid hanteer en fotos neem. Mpho het ook toegelaat dat lede die laaie in die verskillende uitstalkaste oopmaak om na die spesies wat hier gestoor word te kyk. Lede het veral fotos geneem van die ontwykende voëltjies wat moeilik is om in die natuur waar te neem.



Uitstalkaste met voëlmonsters


'n Hoogtepunt vir die lede was die besoek aan een van die bewaringskluise waar hulle die Kaapse Glasogie (Cape White-eye) kon sien wat deur Austen Roberts in 1910 in Potchefstroom versamel is.

Daarna is lede na die Robert Broom kamer, wat 'n groter kluis is, geneem vir 'n interessante lesing. Hier word voorbeelde van verskillende fossiele aangehou wat Robert Broom, die destydse paleontoloog van die Transvaal Museum, versamel het. Hierdie versameling bestaan uit verskeie hominien fossiele asook dié van soogdieragtige reptiele.

Die dag is afgesluit met 'n middagete by die Blue Crane restaurant binne die Austen Roberts Voëlreservaat waar lede vir oulaas saamgekuier het voordat hulle die terugtog Potchefstroom toe aangepak het.

# A RARE VISITOR TO SCHOEMANSDRIFT

It is nice to have something special happening, especially if it is unexpected. On his way back from a cycling jaunt on 30 June 2024 in the hills of the Free State Dome, Bob sat down on the Schoemansdrift bridge to gaze at the herons (reiers), cormorants (duikers), ducks (eende), kingfishers (visvangers), and other regulars. Then a black shadow passed the top corner of his eye, causing him to cry out aloud, African Openbill (Oopbekooievaar)!



Not being equipped for birding, he managed to take some poor cell phone photos once the bird settled to feed in the shallows of the Free State side of the Vaal River. Subsequently it flew to the North West side of the river where it preened itself on a log.

He could not wait to share his excitement of this rarity with BLWV per WhatsApp. Within hours, Ronel Roscher posted some good photos taken with a decent camera. Ian Luyt reported the sighting to Trevor Hardaker's "Sightings in the subregion", and now wait to see if it is reported as a rare sighting for this area.

Bob indicated that it was fun to be the local scout, spy and informant for a period of ten days before the bird moved on.  Birders wanted updates before travelling to Schoemansdrift bridge.

This bird was a fully adult, displaying the characteristic whitish colour of the top base of the beak. This is not the first time that African Openbills visited the Potchefstroom area. Alta Venter mentioned that she recorded African Openbills in November 2009 and again in 2010 in the Potchefstroom area. Bob also took a keen interest in this flock of about five birds visiting the wetlands of the Prozesky Bird Sanctuary. They were easily observable while they fed in the shallows and rested in large trees. These were however young birds with black beaks. Alta mentioned that the distinctive clapping sounds of their beaks were very clear.

That just goes to show that you never know what you might see next while birding.

*Bob Haagner, Alta Venter*

# SOEKTOG NA DIE ONTWYKENDE DUINLEWERIK

Lawren en Marietha Oelofse het by hulle dogter Vasti, in Windhoek gekuier. Hierdie kuier het ‘n paar dae se vakansie by die Namib Desert Lodge in die Namibwoestyn ingesluit.

Met hulle aankoms by Namib Desert Lodge het Marietha vir die ontvangsdame gevra of ‘n voëlgids beskikbaar is. Daar was wel gidse is maar met ‘n beperkte kennis oor voëls. Viva (die gids) het aangedui dat sy kennis van voëls beperk is, maar vra tog watter voëls hulle graag wou sien. Met min verwagting antwoord Lawren dat die Duinlewerik (Dune Lark) nommer een op hulle lys is. Hulle was stomverbaas toe Viva noem dat hy dit gereeld in die woestyngras tydens sonsopkoms sien. Lawren wys hoe die foto van die Duinlewerik op sy Roberts applikasie lyk en Viva bevestig dat dit dieselfde voëltjie is wat tussen toeriste rondhardloop wanneer hulle koffie drink op die duin tydens sonopkoms oor die Namibwoestyn. Die sonsopkoms uitkykpunt was egter by ‘n ander Lodge binne die Gondwana groep en hulle moes spesiaal toestemming kry om die rit mee te maak.

Dinsdagoggend 21 Mei 2024 om 06:30 het hulle gesin in spanning vir Viva gewag om hulle vir die uitstappie na die Dune Star Lodge op te laai. Hierdie lodge is op rooiduine gebou met individuele huisies wat elk ‘n groot houtdek het waarop toeriste kan slaap om sterre vanuit die bed te kyk. Met hul aankoms by die Lodge het Viva die voertuig se ligte afgesit om nie die toeriste te pla wat nog vroegoggend op hulle dekke buite die huisies lê en slaap nie. Lawren hulle het stelling op die duin ingeneem met ‘n lekker warm koppie koffie, beskuit en varsgebakte croissants. Die groep kon eers die sonsopkoms geniet omdat die Duinlewerik gewoonlik eers sy opwagting maak sodra die son sy eerste verskyning oor die berge maak, wat ongeveer 07:30 was tydens hul besoek.

Na ‘n “roller-coaster” van emosies in afwagting en Viva wat self gespanne was, gehoop en gebid het (het hy na die tyd aan hulle verklap), het Viva toe in verligting en



opgewondenheid uitgeroep: “Hier is hy!”. Lawren het sy kamera met die 600mm lens opgetel, wat spesifiek ingestel is om klein voëltjies van vêr af te neem, maar kon niks sien nie. Viva sê toe: “langs jou”. Hulle het afgekyk en die Duinlewerik gesien wat tussen hulle voete rondgehardloop het. Die Duinlewerik was so naby dat Lawren die eerste fotos met sy selfoon afgeneem en soos die voëltjie verder wegbeweeg het kon hy foto’s met die lang lens ook neem. Hulle was so verbaas om hierdie klein skaars voëltjie sonder verkykers te identifiseer en kon hulle geluk nie glo nie.

Hierdie is 'n bewys van aanhouer wen want Lawren en Marietha het vroeër die vakansie die Duinlewerik sonder enige sukses gaan soek in die Walvisbaai omgewing en tydens die terugtog vanaf Sandvishawe deur die duine asook by Rooibank.

Hierdie was voorwaar 'n besonderse belewenis en groot bonus gewees aangesien dit 'n moeilike spesie is om te sien.

*Lawren Oelofse*


# Atlas Mylpale

## Atlassers met meer as 1000 Vol Protokolkaarte

| Atlasser | | Kaarte | |
|---|---|---|---|
| Duncan McKenzie | 4900 | Johan Gouws | 2500 |
| Andy Branfield | 4000 | Stefan Theron | 2500 |
| Alan Collett | 3500 | Anneke Vincent | 2200 |
| Marc Cronje | 3300 | Iain Guthrie | 2200 |
| Dawie Kleynhans | 3900 | John Randell | 2100 |
| Dawie de Swart | 3100 | **Wanda Strauss** | **2000** |
| Ross Hawkins | 2900 | Martin and Melanie Potgieter | 1900 |
| Anthony Paton | 2600 | Wessel Rossouw | 1900 |
| Etienne Marais | 2500 | Johan van Rensburg | 1800 |



In die weergawe 5 van die SABAP2 Nuusbrief verskyn 'n artikel oor persone met meer as 1000 vol protokolkaarte wat ingedien is vir SABAP2. Baie geluk aan ons eie Wanda Strauss met hierdie ongelooflike prestasie.



# KOPKRAPPERS

Voëlkykers het baiekeer 'n dilemma om voëls te identifiseer. Klein vaal voëltjies kan baie verwarrend wees en baie kykers gee sommer moed op. Daar is altyd hoop en ervare voëlkykers gaan  wenke gee hoe om daardie moeilike voëltjies van mekaar te onderskei.

## LEWERIKKE

Dit is 'n ander ding om 'n voël in 'n boek te identifiseer as om daardie een wat soos 'n resieskar al langs die pad in en uit die grassies rondhol te eien.  Dan begin die raai. Vat nou maar die Sabotalewerik (Sabota Lark) en Rooineklewerik (Rufous-naped Lark), daar is geen rede dat die twee met mekaar verwar moet word nie.

Roberts se applikasie gee die volgende kenmerke:

- Die Sabotalewerik is altyd bo en onder duidelik gemerk en geen rooierige kleur op die buitevlerk nie.  Wit wenkbrou wat heeltemal verby die oog strek, swart oogstreep, wit halfmaan onder oog en snor- en kaakstrepe.
- Die Rooineklewerik het 'n duidelike rooibruin kuif met rooierige kleur op buitevlerk.  Ongemerkte wit onderste dele en smeerstrepe aan kante van bors is diagnosties.





As mens nou na die twee foto's links kyk is die beskrywings soos in Roberts in die kol met die Sabota links en die Rooinek regs.

Maar so sit hulle nie en pronk vir 'n foto nie, o nee!





Die foto heel links.  Is die wit streep van die oog tot voor by die oog, is daar 'n swart streep deur die wit tot voor, is daar 'n rooierigheid in die vlerk?  Die regterkantste foto.  Die kuif is

daar, maar is daar rooi in die vlerk, is daar ‘n swart streep deur die oog, die bors is nie sigbaar nie?

Wie is nou wie. Die grootste geheim is dat ‘n enkele foto nie genoeg is nie. Jy moet die voëltjie ‘n rukkie probeer dophou met die verkyker om die kop, stert, bek, pote, voorkant en sykant te besigtig en ook meer as een foto te probeer neem.

Onderste twee foto’s is albei Rooineklewerikke.

*Alet Steyn*

# FEITE EN GEITE

Voëlkyk is ‘n baie interessante stokperdjie. Aanvanklik begin ‘n mens om voëls in jou tuin te identifiseer, later word die visier wyer gestel om voëls op ander plekke ook te soek. As die gogga eers behoorlik begin byt het, probeer ‘n mens om meer interessanthede omtrent voëls te leer.

## Kleurmorfisme in voëls

Kleurmorfisme (variasie in verekleur) kom in ongeveer 3,5% van voëlspesies voor en is veral opmerklik in roofvoëls. Hierdie kleurvariasie is die uitdrukking van die genotipe (die variasie van gene wat binne die sel voorkom) wat die fenotipe (die uitwendige voorkoms van die voël) beinvloed. Die toename in melanien is een voorbeeld van die variasie van gene binne die selle van voëls. Melanien is die toename van die donker pigment in die voëls se vere wat aan voëls ‘n swart voorkoms gee. In die verlede is hierdie voëls soms verkeerdelik as ‘n ander spesie geïdentifiseer, maar met die studie in genetika kon ornitoloë hierdie verskille as ‘n genetiese variasie uitken.



In Suid Afrika kom daar meer donkergekleurde voëls in die Weskaap voor. Navorsers meen dat die reënvalseisoen en die ligintensiteit in die Weskaap gunstig is vir die ontwikkeling van donkergekleurde voëls. Donkergekleurde voëls gee meer kos in dowwe ligtoestande aan kuikens. Wanneer voëls egter in ‘n gemengde paar broei dien dit as ‘n verdere voordeel want voëls verseker dan dat kuikens gereeld kos kry

omdat die ouerpaar die kuikens in verskillende ligtoestande kan voer. ‘n Voorbeeld van ‘n gemengde ouerpaar is die Witkruissperwer (Gabar Goshawk).



By sommige spesies word kleurmorfisme nie deur melanien veroorsaak nie, maar wel deur kartenoïede. Kartenoïede veroorsaak ‘n rooi of geel kleur en is die tweede meeste pigment wat in voëls voorkom naas melanien. ‘n Voorbeeld hiervan is die rooi en geel kleurvariasies van die Rooiborslaksman (Crimson-breasted Shrike).

Bronne:

Delhey, K., Valcu, M., Dale, J. and Kempenaers, B., 2023. The evolution of carotenoid-based plumage colours in passerine birds. *Journal of Animal Ecology*, *92*(1), pp.66-77.

“The dark side of birds: melanism—facts and fiction” (2017) *Bulletin of the British Ornithologists’ Club*, 137(1), pp. 12–36. Available at: https://doi.org/10.25226/bboc.v137i1.2017.a9.

*Lounell White, Alet Steyn*

# VOORBLADFOTO

**Foto verskaf deur Alet Steyn.**

Veereiers (Western Cattle Egrets) was eers bekend as bosluisvoëls omdat daar 'n mistasting was dat hulle bosluise eet. Die gepaste naam Veereier is toe later aan hulle toegeken. Dit is die kleinste wit reier. Volwassenes het geel snawels en in die broeityd is hul bene geel. Tydens die hofmaakfase is die bene rooierig en die snawel oranjerooi. Jonges se bene en snawels is donker.

## FOTOS EN BYDRAE

Alle voëlfotos en bydrae is verskaf deur lede van BirdLife Wesvaal met gepaste bronne waar gebruik.

## VOËLNAME

Voëlname is verkry van: BirdLife South Africa Checklist of Birds: 2023

*NUUT:*

*Die Redakteur nooi BLWV lede uit om in die toekoms foto's in te stuur wat gebruik sal word vir die voorblad van die Hoephoep.*

*Die tema van die voorbladfoto vir die volgende Hoephoep is die Berghaan (Bateleur).*

*Reëls:*

*Portretformaat.*

*Foto sal deur BLWV komitee gekies word*

*Stuur foto's na lounellwhite@gmail.com*

BirdLife Wesvaal is geaffilieer met BirdLife South Africa